

Polis kan jou skuld dek, maar daar is vangplekke

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Kan hy van iemand wat by hom geld leen vereis om 'n polis aan hom te se-
deer weens die risiko wat hy loop, vra
'n leser.

Ter wille van die breër lesersgroep
kyk ek sommer 'n bietjie wyer na die
onderwerp.

As jy skuld aangaan, byvoorbeeld by
'n bank of enigeen anders, wil die
skuldeiser, as hy 'n halwe brein het,
daardie skuld verseker. Kortom, hy wil
seker maak hy kry sy geld en daarom
word in die meeste gevalle vereis dat
leners 'n polis uitneem. Sou die lener
sterf, of ongeskik raak, is die skuldeiser
dan verseker van sy geld.

Eers net kortliks, as jy die lener is: Jy
kan 'n polis by 'n versekeraar van jou
keuse uitneem. Jy hoef dit nie by die
skuldeiser uit te neem nie. Jy kan selfs
'n polis wat jy reeds besit, aan die
skuldeiser sedeer.

As jy die uitlener is, kan jy vereis dat

die lener sy skuld met 'n polis dek. Dit
maak net goeie geldsin. Anders gestel,
dis vrek dom om dit nie te doen nie.

Daar is twee tipes sessies. Die een is
'n uit-en-uit-sessie en die ander 'n se-
kuriteitsessie (in securitatem debiti).

In die eerste geval sedeer jy die polis
finaal, die ander persoon neem eie-
naarskap van die polis en kan selfs sy
of haar eie begunstigdes aanstel. Dit is
wat ek sal voorstel vir iemand wat by-
voorbeeld 'n polis aan 'n kind wil oor-
dra. Die kind betaal dan die premies en
word die nuwe eienaar van die polis.

Met 'n sekuriteitsessie betaal die po-
lis in geval van sterfte of ongeskiktheid

aan die skuldeiser, maar net tot die be-
drag van die uitstaande skuld. Die res
moet aan die boedel uitbetaal. 'n Risi-
ko vir skuldeisers is waar daar terself-
dertyd 'n begunstigde benoem is. Die
skuldeiser se reg is niks sterker as dié
van die begunstigde nie. Maak dus se-
ker dat jou lener enige begunstigde-be-
noeming herroep.

Jy word in werklikheid die nuwe eie-
naar van die polis (tot die waarde van
die uitstaande skuld). As daar 'n kon-
tantwaarde op die polis is en sou die
lener agterstallig raak, kan jy as skuld-
eiser die polis laat uitbetaal.

Maak ook doodseker dat die verseke-

raar ingelig is oor die sessie.

En dan is daar die kwessie van boe-
delbelasting met so 'n polis. Alle polis-
se op 'n mens se lewe word by die
dood in jou boedel opgeneem en is on-
derhewig aan boedelbelasting.

Die vangplek hier, soos ek dit sien, is
dat sou boedelbelasting betaalbaar
wees, jy 'n deel van jou geld wat jy uit
die polis verkry het aan boedelbelas-
ting kan afstaan. Dit is omdat bevoor-
deeldes van polisse pro rata verant-
woordelik is vir die boedelbelasting
wat die polis trek.

Anders gestel, jy as skuldeiser loop
die risiko om tot 20% van jou geld uit

die polis aan boedelbelasting te moet
betaal.

Jy sal sekerlik 'n eis by die ekseku-
teur kan indien vir die uitstaande
skuld, maar dan gaan jy in die ry moet
staan saam met al die ander skuldei-
sers, Jan Taks en so meer. En mense
wat geld moet leen, is gewoonlik nie
die mees likiede spesie op aarde nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde fi-
nansiële beplanner en belastingprakti-
syn, is besturende direkteur van Finlac
en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae
aan hom stuur by Raad met jou Rande,
Posbus 8422, Johannesburg 2000 of ni-
co@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**